

Vooraf:

- Reël verversings vir die groep.
- Deel die teks vooraf met die groep. 'n Ander vertaling of twee sal help om die teks meer volledig te hoor.

Tafelmaniere

Die doel van hierdie tafelmaniere is om ruimte te skep waar ons God kan hoor en voorkom dat een persoon die gesprek oorheers.

Herinner mekaar aan julle groep se tafelmaniere wat julle saam geskryf het.



Verwelkoming:

- Verwelkom almal.
- Is daar iemand nuut in die groep?
- Oorweeg dit om 'n kers aan te steek om julle groep te herinner aan God se volledige teenwoordigheid deur die Heilige Gees.

Bid saam:

Neem 'n paar oomblikke. Raak stil en rustig. Haal diep asem. Laat iemand die volgende gebed lees:

Ons Liefdevolle Vader,
Baie dankie vir alles wat U vir ons gee – liefde, hoop, maar ook geld en goed. Ons kyk so baie kere vas in die goed en vergeet dat dit van U af kom as geskenke. Ons plaas ons hoop en vertroue vir 'n goeie en mooi lewe baie keer in hierdie goed in plaas van op U, die Een uit wie alles goed en mooi kom.

Vergewe ons aseblief vir ons gebrek aan vertroue.

Help ons om raak te sien dat ons sukkel om vrygewig te lewe, omdat bang is. Help ons om te verstaan waarvoor ons bang is. Help ons om ons oë na U te draai en seën ons met vertroue en geloof om U kinders te wees.

Amen.

Gesels:

Ysbreker:

Skoen speletjie

Die tieners begin in hul kleingroepe. Elke groep sal 'n "hokkie" hê.

In die middel van die saal sal 'n groot "hok" wees. Almal moet hul skoene uittrek en in die groot hok kom sit.

Die doel van die aktiwiteit sal wees om soveel moontlik skoene in 'n ander groep se "hok" te kry en om so min as moontlik skoene in jou eie "hok" te kry. Die groep met die minste skoene wen.

Gesels in julle kleingroepies:

- Het julle al so speletjie gespeel waar die doel is om soveel as wat jy kan weg te gee en so min as moontlik oor te hou?
- Hoe wen 'n mens gewoonlik speletjies?
- Hoe het dit gevoel?

Vandag se teks gaan oor vrygewigheid – om weg te gee en nie soveel as wat jy kan vir jouself te hou nie.

Teks:

Laat iemand die teks een maal hardop lees.

Matteus 6:19-24 (Bybel vir Almal)

¹⁹"Dit moenie vir julle belangrik wees om mooi en duur goed bymekaar te maak hier op die aarde nie. Motte vreet dit en dit roes, diewe breek in by huise en steel dit. ²⁰Dit is beter om vir julle goed bymekaar te maak in die hemel en om daar ryk te wees by God. Daar kan motte dit nie vreet nie en dit kan nie roes nie, en diewe kan nie daar inbreek en dit steel nie. ²¹Die dinge wat in die hemel by God is, moet vir jou die belangrikste wees. Dan sal jy net dink aan God wat in die hemel is."

²²"Jou oog wys hoe jy is. As jou oog reg kyk en jy sien wanneer mense swaarkry en jy help hulle, dan is jy vol lig. ²³Maar as jou oog verkeerd kyk en jy sien wanneer mense swaarkry maar jy help hulle nie, dan is daar nie lig in jou nie. As daar nie lig in jou is nie, dan is dit baie donker rondom jou."

²⁴"'n Mens kan nie vir twee persone werk nie, want hy sal niks hou van die een persoon nie en hy sal baie hou van die ander persoon, óf hy sal hard werk vir die een persoon en hy sal niks vir die ander persoon wil doen nie. Julle kan nie vir God dien en óók dink geld en baie ander dinge is so belangrik soos Hy nie.

Laat elkeen die teks 'n tweede maal self deurlees en wag dat iets vir hul uitstaan.

Gesels in die groep oor die volgende:

- Gesels 2-2/ 3-3 oor wat julle nie verstaan nie of wat vir hulle vreemd is. (As die tieners nie vir mekaar kan help om meer duidelikheid te kry nie, kan hulle in die groep vra wat hulle nie verstaan nie.)
- Verduidelik: Jesus praat met mense in Galilea en hulle was oor die algemeen arm mense. Die Jode het geglo dat 'n geseënde lewe beteken dat jy baie geld en goed het. As jy arm was, het jy sonde in jou lewe gehad wat maak dat God jou nie seën nie. Wat sou deur jou gedagtes gegaan het toe jy vir Jesus hoor?
- Wat dink julle bedoel Jesus daarmee dat motte en roes en inbrekers skatte verwoes?
- Wat is jou skat - die ding wat vir jou die waardevolste is? Hoe laat dit jou voel dat dit eendag gaan breek of gesteel gaan word of nie meer gaan werk nie?
- Hoekom dink julle sê Jesus: "Dit is beter om vir julle goed bymekaar te maak in die hemel en om daar ryk te wees by God."
- Watter voorstelle maak Jesus om "ryk" in die hemel te wees?
- **Wat sê die teksgedeelte vir jou? Wat het vir jou uitgestaan? Wat is die boodskap wat Jesus vandag vir jou wil gee?**

Bid vir mekaar oor wat die teks vir julle sê, asook vir wat alles vir julle voorlê vir die res van die week.

Voor julle uitmekaargaan, maak onder mekaar seker oor die volgende:

- Is almal op die kommunikasie-lys?
- By wie kom die groep volgende week bymekaar?